

13 Mei

Lukas 24:50-53, (Teks: Hand 1:11b)

Hy kom net soos Hy gegaan het

"Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het." Net so.

Maar hoe het Hy na die hemel toe opgevaar? In wolke en in glorie. Hulle kon nie ophou kyk nie. Tog was daar nog iets, iets méér. Terwyl Hy opgevaar het, het Hy hulle geseën. En Hy gaan *net so* kom. Seënend.

In sy seën lê die verbindingslyn tussen sy hemelvaart en sy wederkoms. Vir ons lê daar in sy seën die verbindingslyn tussen die dood en die lewe. Die vaste sekerheid dat die dood deurbreek is. Soos Hy gegaan het, so kom Hy. Niks laat Hy tussenin uit sy hande val nie. Hy strek sy hande oor elkeen van sy kinders uit.

Daar lê vir ons eindelose troos in die geborgenheid van sy seën wat hierdie lewe met die hiernamaals verbind. Dit maak hierdie lewe die moeite werd, néé, dit maak hierdie lewe 'n wonderlike gawe, 'n onpeilbare seën van die Here. En wanneer ons Hom eendag seënend sien kom, sal ons die voltooiing van alle dinge belewe. Ons het rede om na die toekoms uit te sien. Die seën wat hier aan ons verkondig word, sal ons dan aanskou. Met ons oë dit sien, met ons harte dit ervaar. Die toekoms is ons s'n.

En omdat ons 'n toekoms het, is elke dag hier van grootse betekenis. Elke dag roep sy teenwoordigheid uit. Elke dag bewe van die opdrag om ons tyd, ons kragte en ons talente aan Hom toe te wy. Elke dag is vol van sy nabyheid. Ons lewe onder sy seën en ons ervaar hoedat dit van ere diens tot ere diens oor ons opklink.

Sing: Psalm 47:3

Dr. C.J. Smit (Noordbrug)